Pieter Hugo
Assistentdirekteur:
Metropool Beheerarea



## Stofsuiers, sokker en serendipity

Vrydagaand, toe die wolk van werkgedagtes uiteindelik 'n bietjie gaan lê, nog sigbaar soos die week se stoflaag op die meubels, maar darem nie meer allesoorheersend soos 'n Karoostofstorm nie, toe besef ek eers dis 'n langnaweek. Na dié insig dat ek kon uitsien na 'n ekstra dag, was my eerste gedagte dat ek dus tyd sou kry om my weer 'n slag in te grawe in 'n *Tussen-die-lyne*-skryfstuk. Die feit dat die sperdatum lánkal verby was, het ek maar eers onder die mat ingevee. Ek wou dit juis nie afjaag terwyl ek boonop vol skuldgevoelens is nie. Om 'n goeie stuk te skryf, moet 'n mens positief wees en wíl skryf.

Juis daarom het ek Vrydagaand nie begin skryf nie. Ek het net eers gedink. En daar was genoeg stof tot nadenke. Daar was die onlangse Sokker-Wêreldbeker. Ek kon natuurlik oor die Wêreldbeker skryf. Ek sou kon skryf oor hoe ek voor die tyd al te besluit het om Spanje te ondersteun. Bloot uit suinigheid. (Ons het mos Spaanse sokkerhemde gekry by verlede jaar se sportdag.) Ek sou dan skryf oor hoe ons die openings-wedstryd met Tshabazela Vuvulala se onsterflike doel oor die radio gevolg het, want ons besit nie 'n TV nie. Oor hoe ek saam met kollegas in Langa gekyk het hoe Bafana Bafana teen Uruguay die wedstryd en die toernooi verloor. Hoe almal oomblikke na die eindfluitjie stil was, tot een sê: 'Eish, we've lost. Lets dance!' En toe dáns ons! Hoe ek in Namibië saam met my ma gekyk het hoe Bafana die Franse in die grond in speel. Oor hoe ek met reg verontwaardig was oor Ghana se onregverdige uitskakeling. Oor hoe ons net betyds terug in die Kaap was om die 'fan walk' in 'n oranje Hollandse vloedgolf mee te maak. Hoe ek, al vuvuzelablasend, amper dankbaar was vir jare gelede se beuelblaastegnieke in die verskriklike patriotiese Afrikaner Nasionalistiese skoolkadetorkes. En, natuurlik, oor hoe my span uiteindelik die Duitsers en Hollanders uitgestof het.

Maar toe dink ek, nee, dis alles darem net 'n bietjie te dik vir 'n daalder, komende van iemand wat 'n paar maande gelede niks van sokker geweet het nie. Ek sou wel nog aan iets kon dink om oor te skryf. 'n Langnaweek is mos lank.

Saterdagoggende by ons is altyd spanwerktyd met huisskoonmaak. Toe nie dié Saterdag nie. Die stofsuier het die gees gegee. En nee, dit was nie 'n sonnet wat die suigpyp verstop het nie. Uitmekaargeskroef lê my vermoede toe in bevestigende stukke voor my. Daardie kardinale partjie sal ek nie kan vaslym nie. Dit word toe 'n Stofsuierkoopsaterdag. Tussen die hoeveelste en soveelste plek ry ons verby 'n ou Ford Sierra stasiewa sonder 'n agterbuffer. Ek het net daar omgedraai na die naaste hardewarewinkel om glasveselmat, harpuis en verharder te koop.

*Serendipity* beteken om wonderlike ontdekkings per toeval te maak. Soos in 'n biblioteek. Jy kyk deur die rakke op soek na 'n spesifieke boek, maar op pad na hom sien jy drie ander boeke raak waarvan jy glad nie geweet het nie, maar wat jy net móét lees. Die bufferlose Ford wat my die herstelplan vir die stofsuier gegee het, is dalk nie 'n geval van suiwer *serendipity* nie. Daar is 'n verwante denkproses wat ek ompad-assosiasie noem. Die twee is nie altyd maklik van mekaar te skei nie. Dit werk so: Ons het net so 'n Ford Sierra stasiewa gehad. Die swart plastiek agterbuffer is eendag in stukke verongeluk. Na 'n vrugtelose soektog vir 'n vervangingbuffer, nuut of tweedehands, het ek maar die ou een begin regmaak. Dit was 'n wekelange moeisame proses van die stukke aanmekaar las met glasvesel en die ding weer netjies met stopverf afwerk en spuitverf. Die eindproduk het my amper laat oorweeg om duikklopwerk as stokperdjie te begin beoefen. Sonder om al hierdie tussenstappe van herinnering bewustelik te beleef, het my kop onmiddellik 'n serendipitieuse sprong gemaak van 'Ford' na 'glasvesel' na 'stofsuier'.

Dit word toe Stofsuierherstelsondag. Terwyl ek met die stink taai harpuis probeer om plastiekies so groot soos legkaartstukkies in 'n meganies korrekte patroon te heg, dink ek hoe ek oor *serendipity* kan skryf. Oor watter kardinale aspek van menslike denke dit is. Einstein het gesê sy beste insigte was nie die gevolg van berekening nie, maar het hom as briljante ingewings getref. Die berekeninge het daarna gekom om die ingewings te toets. Dit is hoekom daar nooit iets soos 'artificial intelligence', of dan, 'n intelligente masjien, kan wees nie. 'n Rekenaar ken nie van *serendipity* nie.

Teen Sondagaand skakel ek die stofsuier aan en wéét sommer ek het baie stof tot dankbaarheid, want ek het omtrent R1000 gespaar. Maandag, langnaweekdag, word toe ons huisskoonmaakdag. Die stofsuier was sy ou effektiewe self, maar ek was teen die aand toe onder stof vir my *Tussen-die-lyne*-rubriek.

Dit was voor-die-hand-liggend. Ek sou mos skoon van my sinne beroof wees om oor enigiets anders as stofsuiers te skryf!